

Jy kan deur middel van die volgende skakels aan die ere diens deelneem deur net op die skakel te druk.-

Video YouTube – <https://www.youtube.com/channel/UCsk9SpwFCDutnUSNt5qh05g>

Facebook - <https://m.facebook.com/Gereformeerde-Kerk-Waterkloofrand-108148367442176/>

Audio Kerkdienstgemist – [https://kerkdienstgemist.nl/stations/559-Gereformeerde-Kerk-](https://kerkdienstgemist.nl/stations/559-Gereformeerde-Kerk-WaterkloofrandPretoria)

[WaterkloofrandPretoria](https://www.gkwaterkloofrand.org.za/?page_id=1) Gereformeerde Kerk Waterkloofrand https://www.gkwaterkloofrand.org.za/?page_id=1

EREDIENSTE VANDAG

Ds. Jan-Louis lei vanoggend die ere diens by die gemeentekamp.

Vanoggend se ere diens word gelei deur *dr. Douw Breed* en die aand diens sal deur *prof. Henk Stoker* gelei word.

Ons bid julle beide die seën van die Here toe met die verkondiging van die Woord.

EREDIENS VOLGENDE SONDAG

Volgende Sondagoggend se ere diens word gelei deur *ds. Johannes Aucamp*, sendingleraar van GK Rietvallei.

KOLLEKTES

Tydens die ere diens: Diakonie
By die deure: Kerkkas

DIENSBEURTE

Sondag 11 Oktober
Oggend: Wyke 21 & 22
Oudle. Wian van Staden
Theo le Roux

Diakens: Francois de Kock
Herman van Heerden
Herman Bonnet
Hanno Steenkamp

Aand: Wyke 23 & 24

Oudl. Chris Swanepoel
Hennie du Plessis

Diakens: Christiaan Oosthuizen
Riaan Reinecke

BREË KERKRAADSVERGADERING

Die Breë Kerkraad vergader Donderdag om 18:00 in die konsistorie.

Ons vra u voorbidding vir die Here se seën op hierdie vergadering.

PROGRAM VIR DIE WEEK

Maandag:

Graad 8: 17:15-18:00

Graad 11: 18:00-18:45

Graad 9&10: 19:15-20:00

Donderdag:

09:30 Bybelstudie in Konsistorie

19:00 Breë Kerkraadsvergadering

Saterdag: 11:00 Lentefunksie Seniors

TEESKINKBEURT

Die susters van wyke 22 & 27 o.l.v.
Anika le Roux en Suzaan du Plessis
nooi almal hartlik uit om na die
erediens saam te skink en drink.

KATKISASIE OPEN

Die Sondagkatekisasie open Sondag 18
Oktober 2026
Die hoërskoolleerders het wel
Maandagmiddag katekisasie op die
gewone tye en plek.

VERJAARSDAE

Ons wens die volgende broeders,
susters en kinders van harte geluk met
hulle verjaarsdae. Ons bede is dat die
nuwe lewensjaar vir julle en julle
geliefdes vreugde en ryke seën sal
inhou.

*"Die Here sal jou beskerm teen elke
onheil; Hy sal jou lewe beskerm."*
Ps. 121:7

Maandag 12 Oktober

Hanlie Louw	073 604 9334
Kilayne Pelser	082 856 4470

Dinsdag 13 Oktober

Nicolaas Hoffman	076 563 7296
------------------	--------------

Donderdag 15 Oktober

Pieter Lindeboom	079 781 8332
Lourens Myburgh	064 651 5811

Vrydag 16 Oktober

Hanlie Bekker (orrelis)	066 235 1202
-------------------------	--------------



*Daarom, bemoedig mekaar, en laat die
een die ander in die geloof opbou,
soos julle inderdaad doen.
1 Tessalonisense 5:11*

MEELEWING

Jannie Erasmus het ongelukkig weer
longontsteking opgedoen. Hy word tuis
versorg. Jannie, ons bid jou spoedige
en volkome beterskap toe. Mag die
Here die behandeling seën en mag jy
gou sterker word. 082 437 7188

ATTESTATE

Jan en Judy Kleinhans het gemeenskap
met die Gereformeerde kerk opgesê en
vertrek na die NG Kerk Groenkloof.

MOOIPLAAS BEDIENINGSPUNT

BELANGRIKE AFKONDIGING

Neem asseblief kennis dat die
voorgenome Gemeentevergadering
met die oog op 'n bedieningspunt in
die Ooste van Pretoria, verander na DV
Sondag **1 November 2026**.

Die Mooiplaats Bedieningspunt
kommissie nooi u hartlik uit na hierdie
Gemeentevergadering en is
opgewonde om die werksaamhede van
die kommissie met u te deel. U word
ook uitgenooi om vroeë vooraf of
tydens die Gemeentevergadering aan
enige van die kommissie lede te rig.

PROGRAM VIR OKTOBER



15 Oktober :

19:00 Breë Kerkraadvergadering

17 Oktober: Seniors se Lentefunksie

18 Oktober: Jong Lote Toerusting

25 Oktober: Hervormingsdiens

Hollandse Smulmiddag

Hierdie Lente maak ons 'n draai in Holland en word die Senior Vriende uitgenooi na 'n hartlike kuier op **Saterdag 17 Oktober 2026**.


Ons gaan heerlik kuier, en sien ook uit na 'n konsert met Jan -Louis en sy broer!

Neem kennis dat vervoer beskikbaar is indien nodig.

Tyd: 11h00

Bring asseblief u eie wyn.

RSVP voor 12 Oktober by Nienke



**Kom en geniet 'n heerlike oggend saam met ander medegelowiges.
RSVP by Nienke 0833 989 080 tot Maandagaand. Almal is hartlik welkom.**

Jy is hartlik uitgenooi na die
Jong Lote Toerustingssessie:

Hoe leer ek my kinders bid?

Sondag 18 Oktober

11h30 by die kerk

Bring asseblief 'n bordjie eetgoed



ONS WERK VIR DIE HERE!

Kolossense 3:22-24 (AFR83)

Een van die basiese foute wat ons ten opsigte van ons daaglikse werk maak, is dat ons tonnelvisie het. Ons sien net die mense bo en onder ons raak. My werk is 'n saak tussen my en my werkgewer/werknemer en daar eindig dit.

Die hoofsaak wat die Bybel ons leer oor ons werk, is dat die Here jou eintlike werkgewer is! Dit is die kern van 'n Bybelse werksetiek en dit is die manier waarop mense binne die werksituasie se gesindhede verander.

Kom ons kyk hoe word hierdie kernsaak aan ons in Kolossense 3:22- 24 geleer: Nadat Paulus spesifiek die slawe gepraat het en gesê het hoe hulle gesindheid moet verander, gaan hy voort en sê: julle ook al doen ...” Met hierdie woorde kom hy by 'n algemene saak, wat vir almal geld in hulle werksituasies. “Wat julle ook al doen, doen dit van soos vir die Here en nie vir mense nie.”



met
“Wat
nou
harte

Hoe kry 'n mens dit reg om jou werk van harte te doen, selfs al behandel jou baas jou verkeerd? Jy gaan dit net regkry as jy werklik tot die besef kom dat jou werk alles te doen het met jou verhouding met God. Jy moet besef dat die Here jou eintlike Werkgewer is! En sy opdrag aan jou: “Eer My in alles wat jy doen, ook in jou werk!” Wanneer ek dit besef, en my werk onder hierdie besef doen, gaan dit 'n merkbare effek op my werk hê. Dit wat my in my werk dryf, gaan verander. My doel, dit waarop al my harde werk en inspanning gemik is, moet nie met geld of eie voordeel verband hou nie. Beskou hierdie dinge eerder as 'n byproduk – en al kan niemand sonder geld klaarkom nie, is die belangrike dat jy nie op geld en eie voordeel ingestel moet wees nie. Dit moet nie jou doel wees nie. Nee, doen dit vir die Here!

Hoe werk mens as jy vir die Here werk? Die manier waarop mens jou werk vir die Here doen, is om dit van harte te doen. Daar staan in vers 22: “Werk met 'n opregte hart uit eerbied vir die Here”, en in vers 23: “Wat jy ook al doen, moet jy uit jou hart doen. Dit beteken jou hart moet in jou werk wees. Leer om anders te dink oor jou werk. Ook in jou werk behoort jy aan die Here! Jy werk vir Hom!

Ds. FJ Potgieter (Fritz) (Bloemfontein-Suid)

MONUMENTSIG AFTREE-OORD EENHEID BESKIKBAAR!



Die Oord behoort aan GK Centurion, geleë te Basdenlaan 226, Centurion, reg agter Unitas Hospitaal en langs die Kerkgebou. U koop okkupasiereg in 'n aftree-oord. In totaal bestaan die Oord uit slegs 26 huisies met pragtige tuine en lae heffings. Daar is geen versorgingsfasiliteite nie — Bepalings geld vir 80-plussers.

Die eenheid wat beskikbaar is, bestaan uit :

1 slaapkamer, 1 badkamer, kombuis, eet/sitkamer, toesluit motorhuis (nie aan huis) met 'n tuin. Die prys is R545 000. Die bestuur sal die verskillende aansoeke oorweeg. Die eenheid is beskikbaar vir okkupasie ongeveer 1 Des 2026. Die eenheid is 75vk meter en die heffing beloop tans R953. Die vaste munisipale kostes beloop tans R425. Al wat dan nog bykom is die elektrisiteitsverbruik. Aansoekvorms is by die ondergenoemde persone beskikbaar. Aansoeke word deur die bestuur van die Oord oorweeg.

Wanneer u, u reg in die toekoms weer wil verkoop, is die volle bedrag wat u betaal het, onderhewig aan sekere voorwaardes, weer aan u betaalbaar.

Gerit Beumer 082 572 5235/ Rina Venter 071 403 4143 (Op terrein)

Aansoeke sluit 26 Oktober 2026

SNIPPERS

GEREFORMEERDE KERK CENTURION

Basaar!

Saam bou ons aan God se werk

PANNEKOEK

BREAKFAST BUNS

KERRIE-EN-RYS

SATERDAG
17 OKTOBER
2026

08:00 – 14:00
Moenie dit misloop nie!

KERKTERREIN
CENTURION

KOEK- EN TERTTAFEL
Groot koeke en terte te koop!

BASAAR-POEDING
Via en jellie met liefde gemaak!

KOFFIE & TEE
Kom kuier en ontspan saam!

KOELDRANK
Yskoud en verfrissend!

UITSTALLERS
Handgemaakte artikels

KOFFIETUIN
Ontspan en kuier saam

LEWENDIGE MUSIEK
Vir oud en jonk

SPELETJES VIR KINDERS
Kleintjies en tieners

WIT OLIFANTMARK
Kom soek 'n skat!

Kom kuier, koop en ondersteun!

GOEIE KOS

LEKKER KUIER

VRIENDLIKE MENSE

GROOT HART

Let's vir die HELE GESIN!

CRAFT BIER & GIN
Geniet verantwoordelik

FUNKSIONARISSE VAN DIE GEMEENTE EN ANDER INLIGTING

PREDIKANT

Ds. Jan-Louis Lee
071 640 6013

SKRIBA

Henning Noëth
078 770 7519

EREDIENSTYE

Oggend: 09:00
Aand: 17:30

PASTORALE HULPWERKER SENIORS

Ds. Lourens du Plessis 083 259 9551

VOORS DIAK

Phillip Fourie
072 295 5606

UDL. SKRIBA

Péter Wassenaar
082 920 4474

ORRELIS

Hanlie Bekker
066 235 1202

SONDAGKOSTER

Riaan Reinecke
079 903 3930

WEEKKOSTER

Nienke van der Walt 083 398 9080

KANTOOR

Nienke van der Walt 083 398 9080

KANTOORURE by die kantoor

Donderdag en Vrydag: 9 – 12vm.

U kan egter enige tyd 083 398 9080 skakel.

BANKBESONDERHEDE

Kerk

Gereformeerde Kerk Waterkloofrand
ABSA: Rek no. 000 340 685

Diakens

ABSA: Diakonie Spaar Rek.
No. 9139785681

PARKERING

Veilige parkering is ook beskikbaar tydens oggenderedienste op die terrein van die Laerskool Anton van Wouw, h/v Lange- en Deystraat

e-pos kerk: admin@gkwaterk.co.za

webwerf: www.gkwaterkloofrand.org.za

DIAKENS



Snap here to pay



KERKKAS



Snap here to pay

